

## Deel in liefde

1 Korintiërs 13:13 leer dat geloof, hoop en liefde kenmerke is van die gelowige se lewe. Die Skrif sê ook dat liefde die grootste een is van die drie. Ons moet egter verstaan dat hierdie drie nie in isolasie staan nie. Indien jy byvoorbeeld 'n geliefde aan die dood afstaan, kan jy nie iemand anders in daardie persoon se plek liefhê nie. Jy kan wel ander mense liefhê, maar dit kan nie die liefde vir daardie spesifieke persoon vervang nie.

Hoekom nie?

Omdat liefde gesetel is in identiteit, die uniekheid van daardie persoon. Sy/haar karakter, gelaatstrekke, wie daardie persoon was en hoe hy/sy opgetree het. Die grootste unieke liefdesdaad wat opgetree is op aarde, is Jesus Christus (Johannes 3:16; 15:13). Hierdie wonderlike liefdesdaad gee ons hoop (Romeine 5:1-9; 1 Timoteus 1:1) en bring Goddelike openbaring wanneer ons getuig (1 Korintiërs 2:16; 1 Petrus 3:15-16).

Paulus leer die jong Timoteus om binne die liefde te bly wanneer hy getuig (2 Timoteus 2:23-26). Ons lees ook dat die Vader nie na ons rituele 'n behae het nie, maar na ons liefde (Hosea 6:6). Ons moet ons ook nie met menslike wysheid besig hou nie (Kolossense 2:8). Al sou ek met hoeveel wysheid omgaan en liefde ontbreek, voeg ek geen waarde tot die koninkryk van God nie ((Johannes 15:1-2; 1 Korintiërs 13:1; 2 Petrus 1:5-9).

'n Mens hoor baiekeer interessante gesprekke waar daar bewys vir die bestaan van God gesoek word in die wetenskap. Waaruit het die heelal ontstaan? Energie wat materie geword het, die vorming van aminosure wat die boustowwe van lewe is, ensomeer. Dit herinner ook sterk aan die groot filosowe soos Plato, Aristoteles, Sokrates en Talus wat indrukwekkende teorieë geformeer het oor die sin van die lewe. Laasgenoemde hou egter nie die ewige lewe in nie, dit wys nie op die Persoon van God nie.

Die grootste liefdesdaad het egter op aarde plaasgevind (Johannes 15:13) wat onomwonde die bestaan van God bewys het. Meer as 360 Messiaanse profesieë van die Ou Testament het waar geword, die Goddelike kalender is bevestig, die ewige verbond is volbring en outentieke ooggetuies het getuig oor wat hulle sien gebeur het, die Nuwe Testament. Die Persoon van God manifesteer in die mens se lewe wanneer hy/sy hom/haar met hierdie liefdesverhaal besig hou, die Woord van God (Johannes 14:21; Openbaring 3:20).

God het met ander woorde reeds die debat vervolmaak. Jesus Christus is wonderlik uniek (Maleagi 3:2; Johannes 1:12; Johannes 14:6; Johannes 6:47; Hebreërs 1:1-3) en maak dit vir die gelowige moontlik om te getuig vanuit die Woord (1 Korintiërs 2:7-8; 1 Petrus 4:11-13) deur te steun op die kragtige werking van die Heilige Gees (Handelinge 1:8; 1 Korintiërs 2:4-7).

Die liefde van die gelowige gaan dus nie oor hoe eerbaar die gelowige is nie, maar oor Geestelike volwassenheid in Christus (Galasiërs 5:13-26; 1 Petrus 2:1-5; Hebreërs 5:12-6:2) tot stigting van ons naaste (Romeine 14:19). Dit laat ons dienooreenkomstig optree (Jesaja 58:6-9; Matteus 28:19; 1 Johannes 5:3; Jakobus 2:14-22).

Buiten die feit dat God se liefde ons doelgerig mobiliseer, verbeeld liefde die Seun van God (Johannes 1:14; Kolossense 2:4-10). Hierdie ewige Goddelike liefde is onvergelykbaar. Die konings, vestings en kragte van hierdie wêreld kan dit nie verstaan nie want dit is vanuit God self (1 Johannes 4:7-9). God ontbloot die ongelowige wêreld deur Sy Ewige Seun en Dienaar (Psalm 2; Jesaja 44:6-8).

God het die lewe in die mens geblaas (Genesis 2:4). Die mens se sonde het skeiding tussen God en mens gebring en die ewige lewe van die mens ontnem (Genesis 3:22). God se liefde vir die mens het gemaak dat Hy genadiglik reeds die voorspelling van die Messias ingesluit het toe Hy met Eva gepraat het (Genesis 3:15). Hierdie Woord en Lewe wat God gespreek het, is inherent Jesus Christus (Johannes 1:1). Hy is die lewe (1 Johannes 5:20) en het die skeiding tussen God en mens kom herstel sodat die mens, deur Hom, weer die ewige lewe kan beërwe (1 Johannes 5:11-12).

Die grootste liefdesdaad wat ons kan doen is om ons debat rondom Jesus Christus te hou (1 Korintiërs 2:1-2) en sodoende die Heilige Gees die geleentheid te bied om die oortuiging te doen dat mense tot geloof kan kom en die wêreld kan oorwin (1 Johannes 5:4-5).

Seënwense



Harry van Huyssteen  
[harryvh@matthew28.co.za](mailto:harryvh@matthew28.co.za)  
082 654 6736  
[www.matthew28.co.za](http://www.matthew28.co.za)